**2 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 15:1-7**
**Fokusgedeelte: Lukas 15:7**

**Vreugde in die hemel oor een berouvolle sondaar wat tot God nader**

God red die mens, en Hy doen dit omdat Hy dit wil doen en vreugde daarin vind om dit te doen. Ons kan niks vir hierdie verlossing kom aanbied nie.

Daarom kom luister die tollenaars en sondaars na Jesus. Hulle besef hulle is sondaars, stroop hulle van alle trots en dwaasheid en erken hulle naaktheid, want hulle het geweet hierdie man ontvang sondaars en eet selfs saam met hulle. Die Fariseërs en skrifgeleerdes is beswaard hieroor, terwyl dit die kern van die evangelie is.

Om sondaars te bereik, is deernis, ontferming nodig. Die tollenaars en sondaars soek Jesus op. Hy oordeel nie. Hy verhef Homself nie. Hy eet selfs saam met hulle. Hy ontvang hulle in ontfermende liefde. Dit is hierdie gesindheid wat die man na sy verlore skaap laat soek. Hy gee om. Die verlore skaap is aan die gevare van die oop veld, die elemente van die natuur, blootgestel. Hy is weg van die geborgenheid en veiligheid van die trop.

Om sondaars te bereik, is inspanning nodig. Die res van die kudde word net so gelos en moeite word gedoen om hierdie een verlore skaap te kry. Daar word nie gewag dat hy maar self moet terugkom nie.

Volharding is nodig in die uitreik na hierdie verlore skape. Moenie opgee nie. Moenie moedeloos raak nie. Ons roeping is om die verlore skape terug te bring na die kudde, waar die gemeenskap van die gelowiges in sy volheid beleef kan word. Dit bring vreugde, nie net in die gemeenskap van die gelowiges nie, maar in besonder in die hemel.

*Sing: Skrifberyming 1-3:1, 3*

*Ds. TC (Theuns) de Klerk (Okahandja)*